

30 Mei

Skrifgedeelte: Johannes 9:1-7

Fokusgedeelte: Johannes 9:4

Deur deurentyd met God se werk besig te wees, groei ons geestelik

Eerste indrukke is baie belangrik vir ons. Daarvolgens vorm ons ons mening en oordeel oor ander.

Jesus en sy dissipels sien 'n man wat vanaf sy geboorte blind was. Volgens die opvatting van daardie tyd was siekte die straf vir die sonde, en kon die oortredings van die ouers straf oor die kinders bring. Daarom aanvaar die dissipels dat die man se blindheid die straf moet wees vir sonde, maar was dit sy eie sonde of dié van sy ouers?

Jesus verwerp die moontlikhede wat deur die dissipels gestel word deur op die taak wat gelowiges het, te wys. Hy antwoord: "So lank as dit nog dag is, moet ons die werk doen van Hom wat My gestuur het; die nag kom, wanneer niemand kan werk nie". In die antwoord van Jesus val die nadruk op "moet ons". Dit gaan nie om 'n willekeurige optrede nie, maar om 'n "moet" wat deur God opgelê is en nie geïgnoreer mag word nie. Die "ons" sluit al die gelowiges in. Ons is nie op aarde om ledig te wees nie, maar om te werk.

Jesus, as die Gestuurde van die Vader, bly gehoorsaam aan die uitvoering van sy werk as Saligmaker. Hy het gekom om dié wat verlore is, te roep. Daarom etiketteer die Here nie hierdie blinde as 'n sondaar nie, maar bewys liefde aan hierdie man. Hy maak hom gesond. Jesus kon hierdie blinde met 'n blote uitspraak gesond maak, maar lê ook die verpligting om sy woorde te glo, op hom. Hy moet hom gaan was. Op hierdie wyse reik Jesus na die man uit, Hy straal ontferming uit.

Wat doen ons in die samelewing? Kan die mense God se liefdeswerk in ons optrede sien, of is ons so besig om mense te etiketteer dat hulle glad nie God se liefde in ons lewe nie kan raaksien nie?

Sing: Skrifberyming 14-1

Dr. D (Deon) Lartz (Edenvale)